# Paarl-skool

PROSPEKTUS

# INHOUDSOPGAWE


1 VOORWOORD

2 VISIE

3 MISSIE

4 WAARDES

5 SIMBOLIEK VAN SKOOLWAPEN

6 SKOOLLIED

7 TOELATINGSKRITERIA

8 BYKOMENDE DIENSTE

9 KOMMUNIKASIE TUSSEN OUERS EN DIE SKOOL

10 SKOOLURE

11 KURRIKULÊR

12 BUITEKURRIKULÊRE BEDRYWIGHEDE

13 AFWESIGHEDE

14 KLEREBANK

15 PREFEKTE

16 KONTAKBESONDERHEDE

## 1 VOORWOORD

Paarl-skool het sy ontstaan in 1978 gehad te danke aan die inisiatief van 'n groepie mense in die Paarl, vir die bou van 'n skool vir leerders met serebrale gestremdheid. Uit erkentlikheid vir dié poging is besluit om die skool na die Paarl te vernoem - vandaar die naam, Paarl-skool.

Die skool beskik oor die dienste van 'n groot personeelkorps. Afgesien van die onderwyspersoneel, beskik die skool ook oor 'n multidissiplinêre-span van fisio-, arbeids-, en spraakterapeute, sielkundiges, ‘n maatskaplike werker, skoolverpleegkundiges en leerondersteuners wat leerders evalueer en behandel.

Paarl-skool funksioneer uit hoofde van Witskrif 6 as ‘n spesiale skool en bronnesentrum. Die skool vervul nie alleen die funksie om leerders wat hoë intensiteit ondersteuning benodig, te akkommodeer nie, maar die kundige personeel lewer ook ‘n ondersteuningsdiens aan hoofstroomskole, sowel as ander opvoedkundige instansies binne die wyer gemeenskap.

## 2 VISIE

Ons bestaansdoel is, om die leerders by Paarl-skool, se potensiaal ten volle te ontwikkel en as bronnesentrum ook die wyer gemeenskap van leerders met spesiale onderwysbehoeftes, te dien.

## 3 MISSIE

Ons volg 'n multidissiplinêre-spanbenadering en verskaf as bronnesentrum ondersteuning en opleidingsgeleenthede aan die gemeenskap.

## 4 WAARDES

Paarl-skool is verbind om die volgende waardes na te streef:

- Respek
- Verantwoordelikheid
- Omgee
- Moed

## 5 SIMBOLIEK VAN DIE SKOOLWAPEN

Die veldgedeelte van die skild word gevorm deur wit en swart vertikale balke wat die skemerwêreld aandui waarin die serebraal- en leergestremde leerders hulself aanvanklik bevind. In hierdie omstandighede kom daar vir hulle lig deur onderwys, wat voorgestel word deur 'n ingeboë punt wat na bo oopgaan en waarop 'n oop rooi roos geplaas is. Die teenstelling in kleure maak dit 'n treffende wapen. Die spreuk, "Fide et Amore", wat beteken, "deur geloof en liefde", dui op die benadering van die skool tot die leerders.

## 6 SKOOLLIED

Ons is bly
Ons is bly
daar's 'n skool in Brackenfell wat ons op die pad
van grootword lei.
Ons kan leer, ons kan leef, ons kan groei en ons kan glo
met ons voet op aard' en oog na bo.
Ja, nog kosbaarder as al die pêrels
is wat die Paarl-skool vir kinders doen.
Ons wat glo en weet van EEN wat liefde is
wil mekaar in liefde dra.
Ons wat glo en weet van EEN wat liefde is
wil mekaar in liefde dra.

## 7 TOELATINGSKRITERIA

Die volgende groepe leerders word tot Paarl-skool toegelaat:

- Leerders met **serebrale gestremdheid** – ‘n permanente gestremdheid wat postuur, beweging en spiertonus affekteer as gevolg van skade aan die ontwikkelende brein.
- Leerders met **fisiese gestremdhede** – mediese en fisiese toestande wat suksesvolle plasing in hoofstroom-onderwys belemmer, bv. spierdistrofie, spina bifida, spinale atrofie, artritis, neurofibromatose, artrogryfose, sindrome, miopatie, progerie, gekompliseerde ernstige respiratoriese en/of mediese toestande sowel as leerders wat geslote hoofbeserings opgedoen het (bv. in ’n motorongeluk).
- Leerders met **spesifieke leerhindernisse** – leerders met ‘n gemiddelde tot bo-gemiddelde kognitiewe vermoë, maar wat nie volgens hul kognitiewe vermoë presteer in ’n spesifieke skolastiese area nie (bv. lees, spelling, wiskunde of skrif).
- Leerders met **neurogene spraak- en/of taalafwykings** – afwykings in spraak- en taalvermoëns wat voortspruit uit skade aan die senuweestelsel/brein (bv. afasie en verbale apraksie).
- Leerders met **ontwikkelingskoördinasieversteuring (DCD)** - 'n chroniese neurologiese toestand wat motoriese koördinasie en die vermoë om alledaagse take uit te voer, beïnvloed. Dit word tipies in die kinderjare gediagnoseer en kan voortduur tot in volwassenheid. Simptome van DCD sluit in: probleme met aanleer van motoriese vaardighede, vertraging in bereiking van motoriese mylpale, swak balans en koördinasie, probleme met fyn motoriese vaardighede en probleme met beplanning en organisasie. Dit is nie 'n leerafwyking nie, maar dit kan leer beïnvloed. Leerders met DCD

sukkel met fisiese take en aktiwiteite wat hulle binne en buite die skool moet uitvoer.

## 8 BYKOMENDE DIENSTE

Ortopediese kliniekdienste van Tygerberg Hospitaal word in samewerking met Paarl-skool se fisioterapie-afdeling gereël. Tygerberg Hospitaal se ortopedie-afdeling verskaf ses kliniekdatums per jaar. Hierdie dienste is beskikbaar vir leerders wat geregistreer is op die staatshospitaal-sisteem. Paarl-skool se fisioterapie-afdeling identifiseer, in oorleg met die ouers, leerders met fisiese gestremdhede wat die kliniek moet bywoon.

Leerders wat tydens die leerder se evaluasie geïdentifiseer is as kandidate vir fisioterapie ontvang funksionele fisioterapie asook intensiewe rehabilitasie ná sjirurgie. Sjirurgiese ingrepe moet vooraf met die leerder se fisioterapeut bespreek word vir die beplanning van hierdie rehabilitasie-proses.

Ortopediese klinieke vir mediesefonds en privaat befondsde leerders word gehou, wanneer nodig, in samewerking met die ortopediese sjirurg en ortotis by Louis Leipoldt Medi-Clinic.

Paarl-skool se fisioterapeute besoek *Conradie Orthotics and Prosthetics Centre* elke derde week tydens die skoolkwartaal vir die bestuur van ortose (bv. spalkies) en prostese van leerders. ʼn Beperkte aantal leerders mag per besoek geneem word. Leerders word volgens behoefte geprioritiseer.

Fisioterapeute fasiliteer die opvolgproses van rolstoele en maak aanpassings vir gebruik binne die skoolopset. Dit het betrekking op leerders met fisiese gestremdheid wat tydens die evaluasie aanbeveel is vir fisioterapie en word in samewerking met die staatshospitale gedoen.

Rolstoele en hulpmiddels word deur staatsdienste of privaatdienste verskaf met insette van die fisioterapeute.

Mondhigiënis-studente besoek die skool jaarliks om na die junior leerders se tandversorging om te sien.

Immunisasiedienste word jaarliks verskaf deur die Departement van Gesondheid.

<u>Studente-opleiding: by alle dissiplines</u>
Opleiding van studente vind by al die afdelings plaas waar studente onder toesig betrokke is by die terapie en onderrig van leerders.

## 9 KOMMUNIKASIE TUSSEN OUERS EN DIE SKOOL

*Vir volledige inligting, sien Bylaag A: Kommunikasiekanale vir ouers*

- Die volgende algemene riglyne geld vir besoekers aan die skool:
  - Meld onmiddellik aan by Ontvangs.
  - Voltooi die besoekersboek en verkry die nodige magtiging om ‘n klaskamer/individu te besoek. Na die voltooiing van die besoekersboek, sal ‘n besoekersplakker uitgereik word.
  - Geen persoon word toegelaat om klaskamers, opvoeders of terapeute te besoek sonder ‘n geskeduleerde afspraak en aanmelding by Ontvangs nie.
- Ouers word vriendelik versoek om opvoeders nie gedurende skooltye te skakel nie. Ouers word aangemoedig om daaglikse navrae per epos, WhatsApp of die huiswerkboekie te rig.
- Met dringende sake kan ‘n telefoniese boodskap by die skoolsekretaresse gelaat word.
- Omsendskrywes en briewe rakende inligting rondom belangrike skoolbedrywighede word gereeld aan ouers gestuur. Ouers word vriendelik versoek om ontvangs van hierdie skrywes te erken deur afskeurstrokies in te vul en terug te stuur, indien dit verlang word.
- Elke leerder se vordering en ontwikkelingsdoelwitte word jaarliks deur die multidissiplinêre-span hersien. Ouers wie se kinders in die Voorskoolse, Grondslag- en Funksionele Fase/Werksvoorbereiding is, word aangemoedig om hierdie besprekings by te woon. Dit gee aan ouers die geleentheid om enige kwessies met die multidissiplinêre-span te bespreek.
- Die vordering en ontwikkelingsdoelwitte van leerders in die Intermediêre- en Senior Fase word ook jaarliks deur die multidissiplinêre-span hersien. Daarna vind ‘n oueraand plaas waartydens terugvoer aan ouers gegee word. Ouers word aangemoedig om hierdie geleentheid by te woon ten einde leerders se vordering met opvoeders te bespreek. Indien ouers addisionele inligting verlang vanaf terapeute of ander personeel, is hulle welkom om, per vooraf geskeduleerde afspraak (via die gevallebestuurder/sielkundiges), personeel te sien.
- Ouers word versoek om die skoolsekretaresse op hoogte te hou van ‘n leerder se kontakbesonderhede (fisiese adres en telefoonnommers).

## 10 SKOOLURE

| | |
|---|---|
| Maandag tot Vrydag: | 07:55 tot 14:00 |
| Pouses: | 09:55 tot 10:15<br>12:10 tot 12:30 |

Indien skoolure gewysig word, sal ouers vroegtydig daarvan in kennis gestel word.

## 11 KURRIKULÊR

11.1 Fases

Die skool bied die volgende fases aan:

| | |
|---|---|
| Voorskoolse Fase | (vanaf die jaar waarin die leerder 5 word) |
| Grondslagfase | (graad 1 - 3) |
| Intermediêre Fase | (graad 4 - 6) |
| Senior Fase | (graad 7 - 9) |
| Funksionele Fase | (vanaf 7 tot 13-jarige ouderdom) |
| Werksvoorbereiding | (vanaf 14 tot 18-jarige ouderdom) |

Die Funksionele Fase/Werksvoorbereiding is uitsluitlik gereserveer vir leerders met neurogene spraak- en/of taalafwykings, DCD, serebrale en fisiese gestremdhede.

11.2 Kurrikulum

Die KABV (Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring) soos voorgeskryf deur die Departement van Basiese Onderwys word in die skool se akademiese fases gevolg.

Die *D: CAPS* (*Differentiated CAPS curriculum)* word in die Funksionele Fase/Werksvoorbereiding gevolg.

11.3 Eksamen en toetse

**Intermediêre en Senior Fase**

Deurlopende assessering wat klastoetse en alle relevante take insluit, soos uiteengesit in die KABV. Toetsreekse word in Maart, Junie en September geskryf. Eksamen word in November afgelê.

## 12 BUITEKURRIKULÊRE BEDRYWIGHEDE

12.1 Sport

Sport word op Donderdae, gedurende die laaste twee periodes aangebied. Alle leerders (Voorskoolse fase uitgesluit) word betrek by en aangemoedig om deel te neem aan een van die volgende: sokker, netbal, swem, landloop, skaak, atletiek, kodering & robotika, veerpyltjies, landsdiens.

Die volgende sportsoorte is beskikbaar vir leerders met serebrale en fisiese gestremdhede: atletiek, boccia, tafeltennis, koördinasiespeletjies, fietsry, beweging, tafelkrieket, landsdiens, veerpyltjies en rolstoelbasketbal.

12.2 Kultureel

12.2.1 Senior koor

Die skool het ‘n ryk koortradisie opgebou sedert 2000. Die koor bestaan hoofsaaklik uit leerders van gr. 4 tot 9, asook leerders uit die senior Funksionele Fase/Werksvoorbereiding. Die koor neem gereeld deel aan verskeie Eisteddfods. Ander hoogtepunte is ‘n jaarlikse musiekaand, SASCE sowel as optredes by aftree-oorde en kerke.

12.2.2 Eisteddfod

Leerders word aangemoedig om verder te ontwikkel as kunstenaars deur aan verskillende Eisteddfods deel te neem, onder andere Paarl-vallei Eisteddfod saam met hoofstroomleerders, asook Courage Eisteddfod vir leerders met spesiale behoeftes. Courage Eisteddfod se visie is om kunste te bevorder deur 'n platform vir leerders met spesiale behoeftes te bied, om deel te neem en hul volle potensiaal te bereik ten spyte van hul leerhindernis of gestremdheid.

## 13 AFWESIGHEDE

13.1 Laatkom van leerders

Leerders wat laat is vir skool, moet voor hy/sy klas toe gaan by Ontvangs aanmeld.

13.2 Afwesig

Skoolbywoning is verpligtend. Mediese en ander afsprake moet, waar moontlik, buite skoolure gereël word. Indien 'n leerder afwesig is, moet die skoolsekretaresse of registeronderwyser voor 9:00 op die dag van afwesigheid daarvan in kennis gestel word. Wanneer ‘n leerder langer as drie agtereenvolgende dae afwesig is, moet ‘n mediese sertifikaat ingehandig word. Indien 'n leerder vir 'n lang tydperk afwesig gaan wees, byvoorbeeld weens 'n operasie, moet die skool vroegtydig in kennis gestel en die nodige dokumentasie ingehandig word.

**Baie belangrik: Wanneer ‘n leerder ‘n formele assessering as gevolg van afwesigheid misloop is dit, volgens departementele voorskrifte, die verantwoordelikheid van die ouer/voog om die skool van ‘n mediese sertifikaat te voorsien.**

## 14 KLEREBANK

Klerebanktye: Maandae tot Vrydae, 7:55 tot 8:15 **en** 13:10 tot 14:00. Mev. Sanlie Roelofse is bereid om buite hierdie ure te help, indien daar vroegtydig ‘n afspraak gemaak word. Tweedehandse skoolklere kan aan die skool geskenk word.

## 15 PREFEKTE

Die prefekte word uit die gr. 9-leerders en die Werksvoorbereiding 5-klas saamgestel. Die groep staan die personeel by met die handhawing van dissipline en het spesifieke opdragte en take tydens saalbyeenkomste, pouses en by ander geleenthede.

## 16 KONTAKBESONDERHEDE

Die Skoolhoof
Paarl-skool
Posbus 140
Brackenfell
7561

Tel: 021 - 981 5555
Epos adres: admin@paarlskool.org.za
Webtuiste: www.paarlskool.org.za